



# PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. *25 April 2021*

## Vierde Sondag in die Paastyd

Skriflesing: Handeling 2:42-47

### Tema: 'n Kerk met insluitende gasvryheid

Ons wil almal hê nuwe mense moet deel van die gemeente word. Hoe kan dit gebeur? Een van die foute wat ons maak, dink ek, is dat ons vriendelik is met vreemdelinge, maar nie uit ons pad gaan om mense tuis te laat voel nie.



## Só glo ons

**Ek glo ...** NGB Art. 26 Christus ons Voorspraak  
Maar hierdie Middelaar wat die Vader tussen Homself en ons aangestel het, moet ons nie deur sy verhewenheid laat terugdeins sodat ons 'n ander middelaar na eie insigte sou soek nie. Want daar is niemand in die hemel of op die aarde onder die skepsels wat 'n groter liefde vir ons het as Jesus Christus nie, Hy wat, alhoewel Hy in die gestalte van God was, Homself ontledig het deur vir ons die gestalte van 'n mens en van 'n slaaf aan te neem en aan sy broers in alle opsigte gelyk geword het.

## Ons Program

### Vandag

- **Erediens** om 9:30 olv ds Jaco Thom.
- **Geen kategese en Sondagskool** nie
- **Deuroffer:** Gemeente-Uitbreiding
- **Tee en verversings** – Geen (Vakansie)

### Sondag 2 Mei

- **Erediens** om 9:30 olv ds Jaco Thom.
- **Geen kategese en Sondagskool** nie
- **Deuroffer:** Gemeente-Ondersteuning

- **Tee en verversings** – Geen (Vakansie)

### Bybellees-program


Ons is met **2 Korintiërs** besig. Op die WhatsApp-groep *Petrusburg* kan jy elke dag 'n kort oordenking oor die betrokke hoofstuk kry, of op ons toep. Om by die WhatsApp-groep aan te sluit, kontak Jaco Thom of klik [hier](#). Die toep kan jy aflaai by Google Play of App Store. Soek net *NG Kerk Petrusburg*.

### Manne aand

Vrydag 7 Mei by Karibu.

### Vleis- en Oesfees en Mini-basaar

**Insamelingslyste** word tans in die wyke versprei en ons vra dat jy jou ouderling of diaken met 'n oop hand sal ontvang.



### Neem asseblief kennis

Madette Lombaard is met verlof tot 30 April.  
Die kerkkantoor sal weer oop wees vanaf Maandag 3 Mei.

## Lief & Leed

### Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

### April

- 25 **Anneline Naudé (81j)**
- 27 Carina Naudé
- 27 Attie van Jaarsveld (snr)
- 28 Bennie Janse van Rensburg
- 29 Lulu Hugo; DJ Meades

### Mei

- 1 Braam Neethling

### Huweliksherdenking

### April

- 30 Alid & Judy Hugo (38j)



## Mei

1 Hennie & Lucia Wessels (50j)

## Voorbidding

Gert Deysel (motorongeluk)

## Vrouebediening Kwartaal 2

### Maria Groep (Wyke 3 & Leeukuil)

Sameroeper: Amanda van der Westhuizen

3 Mei Skole Open

5 Mei Bestuursvergadering

9 Mei Nagmaal - Blomme & Dankbaarheidsbotteltjies

9 Mei Moedersdag

11 Mei Kerkraadsvergadering - Verversings

16-20 Mei Pinksterdienste - Sop (wyke maak beurte)

29 Mei Vleisfees en Mini-basaar

6 Jun Nagmaal - Blomme & Nuusbrief

20 Jun Vadersdag

9 Jul Skole Sluit

## Ten slotte

Ons het die volgende skrywe van die sinodale kantoor af ontvang waarop ons graag julle aandag vestig:

## RIGLYNE VIR HUISBESOEK EN WYKSBYEENKOMSTE OF KLEINGROEP-BYEENKOMSTE

Predikante is as noodsaaklike werkers verklaar. Dit beteken dat hulle deel vorm van die groep mense wat 'n noodsaaklike diens lewer aan die gemeenskap. Die vraag ontstaan dus nou, wat word as noodsaaklike dienste beskou. Dr Gustav Claassen gee die volgende riglyne oor hierdie saak.

1. Die hou van begrafnisse volgens die protokol van die Covid-wetgewing;

2. Die hou van eredienste volgens die protokol van die Covid-wetgewing; en
3. Die hantering van krisis-pastoraat – dit sluit sake in soos sterwensbegeleiding en die hantering van mense wat deur moeilike tye gaan soos onder andere siekte, emosionele krisisse en huwelikskrisis.

Dr Claassen gee ook die raad dat, so ver moontlik, predikante nie van huis tot huis moet beweeg in die uitvoer van hierdie pligte nie. Die beste is om 'n kantoor in te rig by die kerk of by die pastorie om hierdie sake te hanteer waar al die nodige gesondheidsprotokolle nagekom kan word. Daar moet 'n gesondheidsregister gehou word van persone wat die predikant sien, hande moet telkens ontsmet word en elke persoon se koors moet geneem word.

Wyksbyeenkoms en Bybelstudies aan huis van mense word ten sterkste ontmoedig, want baie keer is die ruimtes wat gebruik word nie geskik vir die persoonlike afstande wat gehandhaaf moet word nie. Hierdie bediening sou voortgesit kon word by die gemeente se kerksaal of in die kerkgebou wat genoeg ruimte en spasie skep om aan al die Covid-19 protokolle te voldoen.

Dit is belangrik om daarop te let dat predikante tot noodsaaklike werkers verklaar is en nie lede van die kerkraad nie. Daarom mag kerkraadslede steeds nie van huis tot huis beweeg om te kollekteer of huisbesoek te doen nie. U word aangemoedig om u lidmate te help om hulle dankoffers elektronies oor te betaal. Kerkraadslede word versoek om hulle wykslede elektronies te bemoedig, hetsy deur 'n oproep of deur 'n boodskap.

---

<u>Leraar:</u>	Jaco Thom	084 523 1157	<a href="mailto:jaco@ngkerkpetrusburg.co.za">jaco@ngkerkpetrusburg.co.za</a>
<u>Kantoor:</u>	Madette Lombaard	053 574 0279	<a href="mailto:ngkpetrusburg@gmail.com">ngkpetrusburg@gmail.com</a>
<u>Orrelis:</u>	Elmien Thom	084 562 3434	<a href="mailto:elmien@ngkerkpetrusburg.co.za">elmien@ngkerkpetrusburg.co.za</a>
<u>Koster:</u>	Annamarie Dercksen	072 499 4262	<a href="mailto:annamarie.dercksen@yahoo.com">annamarie.dercksen@yahoo.com</a>
<u>Webwerf</u>	<a href="http://www.ngkerkpetrusburg.co.za">www.ngkerkpetrusburg.co.za</a>		facebook <a href="https://www.facebook.com/NGKerkPetrusburg">NG Kerk Petrusburg</a>
<u>Kantoorure</u>	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
<u>Bankrekening</u>	ABSA Tjekrekening 2610580001		